

HULDE AAN PROF. H.J. VAN ASWEGEN



Prof. Henning van Aswegen (links) word deur prof. Johan Bergh, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap, geluk gewens, pas nadat hy 'n oorkonde van die Genootskap ontvang het.

In Junie 1998 is prof. H.J. van Aswegen, voorsitter van die departement geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) vereer met 'n oorkonde van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap as 'n blyk van waardering vir die bydrae wat hy tot die dissipline oor 'n tydperk van 35 jaar gelewer het. Henning, soos hy onder sy kollegas landwyd bekend geword het, was al die jare, in die woorde van SAHG-voorsitter, prof. Johan Bergh, 'n "gentleman" en 'n uitstekende historikus.

Henning Jonathan van Aswegen is op 13 Januarie 1939 in Kimberley gebore waar hy sy skoolopleiding aan onderskeidelik die Diamantveld Laerskool en Diamantveld Hoërskool voltooi het. In 1959 het hy die graad BA met lof aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Sy hoofvakke was geskiedenis, geografie en Duits. Die volgende jaar het hy ook sy honneursgraad met lof aan dieselfde universiteit behaal. In 1963 het hy sy MA-verhandeling oor *Die Natalse Volksraad 1838-1845* onder die leiding van die legendariese prof. P.J. van der Merwe voltooi. Ses jaar later, in 1969, het hy op 30-jarige ouderdom sy doktorsale proefskrif oor *Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank*

in die OVS 1854-1902 met prof. M.C.E. van Schoor as promotor aan die Universiteit van die Vrystaat afgehandel.¹

Sy loopbaan as dosent het reeds in 1962 aan die Universiteit van Stellenbosch begin waar hy in 'n tydelike pos aangestel was. In 1964 is hy as lektor aan die Universiteit van die Vrystaat aangestel. Ses jaar later, in 1970, is hy tot senior lektor bevorder. In 1973 het hy aan die Randse Afrikaanse Universiteit as senior lektor in die diens getree. Ses jaar later het hy professor geword. In 1980 het hy hoof van die departement geword. Hy het in hierdie hoedanigheid tot 1992 gedien. Vanaf 1996 tot en met sy aftrede in April 1999 het hy weer eens as voorsitter van die departement gedien.

Sy akademies-administratiewe verantwoordelikhede aan die RAU het, benewens sy departementshoofskap, ook ingesluit: die voorsitterskap van die Leerganggroep Geesteswetenskappe (1984-1985); lid van die Dekaaanskomitee, Lettere en Wysbegeerte (1990-1992, 1996-1998); en lid van die Navorsingskomitee, Lettere en Wysbegeerte (1992-1994 en 1996-1998).

In sy voor- en nagraadse doseerwerk het hy onderskeidelik in die algemene, Suid-Afrikaanse en Afrikageskiedenis klas gegee. Hy het gespesialiseer in die geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854; blank-swart verhoudinge in Suid-Afrika in die negentiende eeu; verstedeliking in Suid-Afrika in die twintigste eeu; die geskiedenis van arbeid en arbeidsverhoudinge - landelik en industrieel; die geskiedenis van gesondheid - veral gesondheid in die goudmynbedryf van Suid-Afrika; die geskiedenis van state in suider-Afrika o.a. Mosambiek, Zimbabwe en Zambië; en die verhouding tussen Suid-Afrika en Afrika sedert 1948.

As dosent het hy 'n vormende invloed op menige student uitgeoefen wat voorgraads onder hom studeer het. Nagraads was hy ook buitengewoon aktief. Altesame 32 magister en agt doktorsale studente het onder sy leiding hul studies voltooi.

Tussen 1961 en 1993 was hy die houër van beurse en navorsingstoekennings van onder meer die Shell Oliemaatskappy (1961), die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), (1961, 1965, 1980), die Randse Afrikaanse Universiteit, (1974, 1979, 1980, 1989, 1993); British Council (1980); Kamer van Mynwese; asook die Stigting vir Wetenskapontwikkeling (SWO), (1993).

In 1985 het hy 'n besondere erepenning vir Afrikanistiek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Hy het in verskeie posisies op die besture van verskeie nasionale akademiese liggame gedien.

Tussen 1974 en 1993 het hy ses keer aan die buiteland besoek gebring om navorsings te doen, lesings te gee en waardevolle skakelwerk in die belang van die plaaslike historiese gemeenskap te doen. Hy het tussen 1966 en 1994 altesame 15 referate op nasionale en internasionale akademiese vlak aangebied oor 'n verskeidenheid van onderwerpe op sy vakgebied.

Lg. is gepubliseer in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 34(1), 1972.

As skrywer sal hy onthou word vir veral twee boeke wat as tekste vir studente gedien het. Die eerste was *Die Geskiedenis van Afrika*² (1980), wat binne twee jaar ná die eerste publikasie 'n herdruk belewe het. Saam met wyle prof. A.P.J. van Rensburg, was prof. Van Aswegen onder die eerste Suid-Afrikaanse historici wat gesaghebbende Afrikageskiedenis in die Afrikaanse taal geskryf het.³

In 1989 het sy *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* verskyn, wat in 1990 ook in vertaalde vorm as *A History of South Africa to 1854* die lig gesien het.⁴ Hierdie werk het bepaalde leerntes gevul wat aan die einde van die tagtigerjare bestaan het met betrekking tot nuwe tendense in die vertolking van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Een van die sterkste eienskappe van die werk was die feit dat hy gepoog het om 'n ewewigtige balans te handhaaf, te midde van die uiteenlopende ideologiese strominge wat destyds in die Suid-Afrikaanse historiografie aan die orde van die dag was.

Sy kennisveld was omvangryk. Dit het hom daartoe in staat gestel om 'n aktiewe rol te speel as medewerker aan *Die Ensiklopedie vir Suider-Afrika, Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek; Kennis Ensiklopedie* en die *Encyclopedia of Africa*. Die bydraes wat hy in hierdie verband geskryf het, is deur 'n gemaklike en helder skryfstyl gekenmerk.

As navorser het prof. Van Aswegen tussen 1969 en 1994 sowat 15 verslae voltooi.⁵ Daarbenewens was hy betrokke by verskeie prestige navorsingsprojekte. Hy was deel van die span navorsers wat onder die leiding van prof. E.L.P. Stals tussen 1973 en

2. Academica, Pretoria, 1980.

3. Kyk onder meer sy *Afrika-geskiedskrywing: 'n terreinverkenning*. Intreerede, RAU-publikasiereeks A116, 1980. Academica, Pretoria, 1989.

Aspekte van die Geskiedenis van Zambië. Verslag van navorsing oor die eietydse geskiedenis van Zambië, 1985 (ongepubliseer); Die Geskiedenis van Germiston 1886-1986 in medewerking met L. de Kock (1992); "Die Oranje-Vrystaat en die Asiate", in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 1, Nov. 1969; "Die Verstedeliking van die Nie-Blanke in Die Oranje-Vrystaat, 1854-1902", in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 2, Nov. 1970; "Suid-Afrikaanse Kroniek", in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 4 Nov. 1970; "Die posisie van die Nie-Blanke in die Oranje-Vrystaat 1854-1899", in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 5, Nov. 1973; "Die eerste botsing tussen blank en inboorling in die Republiek van die OVS", *Historia*, 15(3), September 1970; "Die ontplooiing van swart nasionalisme in Suid-Afrika. Die "South African Native Convention, Bloemfontein, Maart 1909", in *Acta Academica*, B(9), 1976; "Institutional Developments in Mozambique 1974-1984", in *Studies in Marxisme*, 3, Nov. 1984; "Blanke minderhede in Swart Afrika: 'n studie van Zambië" *Acta Academica*, B(21), 1985; In medewerking met L. de Kock: "Afrikanermynwerkers en die Mynwerkersunie, 1936-1948, I: Kapitaal, arbeid en ideologie: die stryd van die Afrikaerbond van Mynwerkers teen die Mynwerkersunie, 1936-1937" in *Historia*, 32(1), Mei 1987; deel II: "Die Hervormingsorganisasie in die Mynwerkersunie 1937-1948", in *Historia*, 32(2) September 1987; Myntering en die goudmynwerkers aan die Witwatersrand 1886-1920, in *S.A. Historiese Joernaal*, 21, Nov. 1989; "Van veelpartystaat tot eenpartystaat : Zambië 1964-1972, in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14(2), Desember 1989; "Tegnologie en gesondheid: myntering op die Witwatersrandse goudmyne, 1886-1920, in *Contree*, 30, Okt. 1991; "Die Mfecane. Werklikheid of mite" in *Historia*, 39, 1994; "Menseregte en die wet van die grens! Aspekte van tussengroepverhoudinge in die OVS 1855-1859, in *Acta Academica*, 25, 1994.

1983 die geskiedenis van die Afrikaners aan die Witwatersrand, 1886-1961 onderneem het. Hy het gedien op die historiese werkskomitee van die RGN-projek oor Tussengroepverhoudinge in 1984-1986. Hy was tussen 1985 en 88, saam met proff. P.H. Kapp en P.J. Nieuwenhuizen, projekteur van die geskiedenis van Nedbank 1888-1988. Tussen 1987 en 1992 het hy ook aan die hoof gestaan van die projek oor die geskiedenis van Germiston 1886-1986. Daarbenewens het hy in samewerking met I.J. Donsky die geskiedenis van myntering op die goudmyne van die Witwatersrand, 1886-1946 nagevors tussen 1989-1994. Een van sy mees resente projekte was die geskiedenis van Westonaria vanaf 1937 tot op die hede. Die projek is in 1995 afgehandel. Sy navorsing het voortdurend ook in publikasies beslag gekry. Tussen 1965 en 1992 was hy mede-outeur of redakteur van minstens 10 publikasies.⁶

Sy bydrae tot die vak geskiedenis oor 'n tydperk van meer as drie dekades was van so 'n aard dat hy nog lank sal onthou word vir die waardevolle insette wat hy gelewer het in 'n bloeifase van die Suid-Afrikaanse historiografie.

Redakteur

-
6. Kyk o.m. *Uit Ons Wording* (Stellenbosch, 1965) en *Tussen Absolutisme en Rewolusie* (Kaapstad, 1969) in medewerking met M. Swart (red.); "The Orange Free State Experience", in B. Pachai (red.), *South Africa's Indians* (University Press of America, 1979); *Die Geskiedenis van Mosambiek* in medewerking met G. Verhoef (Butterworth, 1982); "Suid-Afrika en Afrika 1961-1984" in T. Camerson en S.B. Spies (reds.): *Nuwe Geskiedenis in Suid-Afrika in Woord en Beeld*. (Human en Rousseau, 1986 en 1991); "Restructuring Society: the case of Mozambique" in C.A. Woodward (red.): *On the Razor's edge. Prospects for political stability in Southern Africa* (Afrika-Instituut vir Suid-Afrika, 1986); J.C. Moll, e.a., *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie* (RGN, Pretoria, 1987); "Geskietskrywing deur Swartes oor Suid-Afrika" in B.J. Liebenberg (red.): *Strominge in die Suid-Afrikaanse Historiografie*. (Unisa, Pretoria, 1986); "Miner's Phthisis": Health politics on the gold mines of the Witwatersrand, South Africa 1886-1920" in K. Tenfelde (red.): *Towards a Social History of Mining*, (C.H. Beck Verlag, München, 1992).